# TRUST DEED

J 246

G.P.-S. 003-0148

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# MAGTIGINGSBRIEF

Ingevolge artikel 6 (1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet 57 van 1988)

No. 3171/93

Hiermee word gesertifiseer dat HENRY JAMES SAMUEL STONE, GERALD JAMES MEIRING, JOHANNES PETRUS VERMEULEN, LEENDERT WILLEM DEKKER

gemagtig word om as trustees van die ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING

Trust op te tree.

GEGEE onder my hand te PRETORIA op hede die 30

dag van November 19.93.

MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X60
1993-11-30
PRETORIA 0001
MASTER OF THE SUPREME COURT

Asst. Meester van die Hooggeregshof

*am

# SERTIFIKAAT

EK, die ondergetekende,

**PHILIPPUS ARNOLDUS OLIVIER**

Notaris Publiek, woonagtig en praktiserend te Pretoria, Transvaal, sertifiseer hiermee en bevestig dat ek vandag die aangehegte afskrif van

**DIE ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING**

vergelyk het met die oorspronklike daarvan wat aan my voorgelê is en ek, die genoemde Notaris, sertifiseer hiermee dat dit in alle opsigte 'n ware en juiste afskrif is van die gemelde oorspronklike trustakte.

ALDUS GEDOEN EN GESERTIFISEER TE PRETORIA op hierdie 30ste dag van **NOVEMBER 1993.**

QUOD ATTESTOR

NOTARIS PUBLIEK

# ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING

## T R U S T A K T E

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N TRUST

GEMAAK EN AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

ALEXKOR BEPERK

- hierin verteenwoordig deur die Voorsitter van die Raad van Direkteure, LEENDERT WILLEM DEKKER, hy synde behoorlik daartoe gemagtig -

(hierna genoem ALEXKOR)

EN

HENRY JAMES SAMUEL STONE

GERALD JAMES MEIRING

JOHANNES PETRUS VERMEULEN

LEENDERT WILLEM DEKKER

(hierna die TRUSTEES genoem)

TEN BEHOEWE VAN die bevoordeeldes hierna in Klousule 1.2 as BEGUNSTIGDES benoem

(hierna die BEGUNSTIGDES genoem)

AANGESIEN die Wet op die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie, 1989 (Wet 46 van 1989) bepaal dat die oogmerke van die Korporasie is om in die Alluviale Staatsdelwerye en in 'n gebied in die omstreke daarvan wat die Minister van tyd tot tyd op aanbeveling van die raad bepaal, met inbegrip van die gebied bekend as die Richtersveld soos omskryf in die Bylae by Proklamasie No 182 van 1957, mynbou, landbou, handel, nywerheidsvestiging, dorpsontwikkeling asook enige ander ekonomiese en sosio-ekonomiese ontwikkeling te onderneem, aan te moedig en te bevorder;

EN AANGESIEN ALEXKOR op 2 November 1992 as regsopvolger van die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie tot stand gekom het met hoofdoelstelling om betrokke te wees in alluviale delwerye, mynbou, landbou, handel, nywerheidsvestiging, dorpsontwikkeling, ekonomiese en sosio-ekonomiese ontwikkeling;

EN AANGESIEN die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie en sy regsopvolger, ALEXKOR, sedert 1 Mei 1989 'n buitengewone en suksesvolle bydrae tot ekonomiese en sosio-ekonomiese projekte in Namakwaland gemaak het;

EN AANGESIEN die Direksie van ALEXKOR van oordeel is dat dit dienstig is dat ALEXKOR se hoofbesighede van sy sosio-ekonomiese aktiwiteite geskei moet word;

EN AANGESIEN ALEXKOR se Aandeelhouer goedkeuring verleen het dat ALEXKOR in samewerking met die gemeenskappe van NAMAKWALAND 'n ontwikkelingstigting op die been mag bring welke stigting jaarliks uit 'n gedeelte van die na-belaste winste van ALEXKOR befonds mag word;

EN AANGESIEN die gemeenskappe van NAMAKWALAND behoefte daaraan het dat sosio-ekonomiese ondersteuning van Namakwaland op meer formele en kontinue wyse behoort plaas te vind;

EN AANGESIEN die trustees hulleself bereid verklaar het om as trustees van die stigting op te tree en om alle fondse wat onder hulle beheer geplaas word onderhewig aan die bepalings en voorwaardes soos deur ALEXKOR neergelê en in die trustakte neergelê, te administreer;

NOU DERHALWE GETUIG DIE AKTE DAT ALEXKOR EN DIE TRUSTEES SOOS VOLG OOREENGEKOM HET:

1. WOORDOMSKRYWING

1.1 In hierdie trustakte, tensy dit uit die samehang anders blyk:

1.1.1 sluit woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd; woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in en omgekeerd;

1.1.2 verwys persone in soverre begunstigdes bedoel word, na natuurlike persone en regspersone.

1.2 Die volgende uitdrukkings sal die volgende betekenis hê, naamlik:

ALEXKOR verwys na ALEXKOR BEPERK, 'n publieke maatskappy geregistreer onder die Maatskappywet met Nr 92/06368/06 en met geregistreerde adres te Hoofweg, Alexanderbaai 8290, wat optree as die OPRIGTER van die Stigting;

TRUSTEES verwys na die ampsbekleërs van die trustee-amp en sluit in die eerste trustees en enige verdere of latere trustees van die trust van tyd tot tyd;

TRUSTEESKAP verwys na die amp wat die trustees van die trust beklee;

BEGUNSTIGDES verwys na die gemeenskappe van Namakwaland;

STIGTING verwys na die trust soos in hierdie trustakte beliggaam;

TRUSTGOED EN TRUSTFONDS verwys na die bates van die stigting wat in die trustees vestig vir doeleindes van die stigting naamlik die aanvanklike bedrag van R6 577 000,00 (Sesmiljoen Vyfhonderd Sewe-en-sewentig duisend rand) wat aan die trustees deur ALEXKOR oorbetaal word en enige latere toevoegings daartoe;

NAMAKWALAND verwys na die grense van die Namakwalandse Streekdiensteraad soos geldig op datum van die ondertekening hiervan.

2. SKEPPING EN NAAM VAN STIGTING

By wyse van die hiernavermelde oormaking aan die Trustees ten behoewe van die begunstigdes word 'n trust hierkragtens geskep, welke trust bekend sal wees as DIE ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING.

3. OORMAKING

ALEXKOR maak hiermee 'n aanvanklike bedrag van R6 577 000 (ses miljoen vyfhonderd sewe-en-sewentig duisend rand) oor aan die trustees, welke oormaking gemaak en deur die trustees aanvaar word vir doeleindes van die trust en welke bedrag die aanvanklike trustfonds van die trust sal verteenwoordig. Enige latere toevoegings tot die trustfonds deur welke party

ookal sal, mits dit onherroeplik is, deur die trustees aanvaar word, word deel van die trustfonds en word onderhewig aan die bepalings van die trustakte deur die trustees gehou en administreer.

## 4. VESTIGING VAN REGTE OP TRUSTGOED

By die aanvaarding deur die trustees van hulle trusteeskap hierkragtens, en van die voormelde oormaking in trust, verwerf die trustees onmiddellik 'n vorderingsreg teenoor ALEXKOR vir oorhandiging van die bedrag, en is hulle geregtig en verplig om toe te sien dat die bedrag aan hulle oorhandig word. Tydens die geldigheidsduur van die trust is die trustees verplig om alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trustfonds in besit te neem en in bewaring te hou.

## 5. BEPALINGS MET BETREKKING TOT GETAL TRUSTEEES, BEëINDIGING VAN AMP EN OPVOLGENDE TRUSTEES

5.1 Die eerste trustees van die trust is:

| VOLLE NAME | ADRES |
|---|---|
| Henry James Samuel Stone | Kokerboomstraat 4<br>Springbok<br>8240 |
| Gerald James Meiring | Goodhouseweg<br>Concordia<br>8271 |
| Johannes Petrus Vermeulen | Oranjeweg 5<br>Alexanderbaai<br>8290 |
| Leendert Willem Dekker | Die Rand 308<br>Menlopark<br>Pretoria<br>0081 |

5.2 Die samestelling van die Raad van Trustees en die bepalings met betrekking tot hulle dienstermyn, uittrede en opvolging, is as volg:

5.2.1 Daar is te alle tye vyftien (15) trustees in amp en die eerste trustees word aangestel soos bepaal deur klousule 5.2.2. Aanvanklik sal die Raad van Trustees bestaan uit trustees benoem in terme van klousule 5.2.2.1 en binne sestig (60) dae na die registrasie van die Stigting sal aanstellings in terme van klousule 5.2.2.2 gedoen word.

5.2.2 Die samestelling van die Raad van Trustees is deurgaans as volg:

5.2.2.1 Vier (4) trustees word aangestel deur ALEXKOR;

5.2.2.2 Elf (11) trustees word aangestel deur die Begunstigdes.

5.2.3 Die eerste raad van trustees word benoem vir 'n aanvanklike periode van drie jaar waarna eenderde jaarliks by wyse van alfabetiese orde aftree. Uittredende lede sal herkiesbaar wees. Rotasie vind op jaarvergaderings plaas.

5.2.4 Vakante poste wat tussentyds ontstaan word deur onderskeidelik ALEXKOR en die Begunstigdes gevul.

5.2.5 Vanaf die ontstaan van die Stigting tot en met die hou van die derde jaarvergadering daarvan sål ALEXKOR geregtig wees om die Voorsitter te benoem waarna die Raad van Trustees geregtig sal wees om op elke jaarvergadering 'n voorsitter te benoem

5.3 'n Opvolgende trustee het, sodra hy sy benoeming as trustee skriftelik aanvaar het, alle magte en is onderhewig aan alle pligte van 'n trustee van die trust, ewe asof hy een van die eerste trustees van die trust was.

5.4 'n Trustee hou op om as 'n trustee van die trust op te tree:

5.4.1 as hy as trustee bedank, wat hy geregtig is om te doen deur skriftelike kennisgewing aan sy mede-trustees te dien effekte;

5.4.2 as hy as geestelik versteurd verklaar word;

5.4.3 as sy boedel gesekwestreer word, hetsy voorlopig of finaal, of as hy sy boedel ten behoewe van sy skuldeisers oorgee of as hy 'n kompromis met sy skuldeisers aangaan;

5.4.4 as hy ingevolge die bepalings van die Maatskappywet soos van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika van krag, nie kwalifiseèr om as 'n direkteur van 'n maatskappy diens te doen nie;

5.4.5 as hy deur 'n besluit van twaalf uit vyftien trustees gevra word om te bedank;

5.4.6 as hy drie agtereenvolgende trusteevergaderings nie bygewoon het sonder aanvaarbare verskoning nie.

## 6. SEKERHEIDSTELLING DEUR TRUSTEES

'n Trustee wat as sodanig diens doen, hetsy as 'n eerste trustee of 'n opvolgende trustee, word daarvan vrygestel om sekuriteit aan die Meester van die Hooggeregshof of aan enige ander persoon of instansie in terme van die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988, soos gewysig of onder enige ander statutêre bepaling, vir die behoorlike nakoming van sy pligte as trustee, te verskaf.

## 7. AFWESIGHEID VAN 'N TRUSTEE

Die trustees is verplig om geredelik beskikbaar te wees om die stigting se sake te administreer. 'n Trustee wat tydelik afwesig is of nie beskikbaar is nie

vanweë enige rede hoegenaamd, is nie geregtig om 'n mede-trustee te magtig om tydelik in sy plek op te tree nie.

## 8. BESLUITE VAN TRUSTEES

8.1 Waar daar in die akte na die diskresie van trustees verwys word, beteken sodanige diskresie 'n uitsluitlike en absolute diskresie wat in die trustees vestig.

8.2 Nege (9) trustees vorm 'n kworum op alle vergaderings waarvan minstens 14 dae skriftelike kennis gegee is.

8.3 Besluite wat die trustees neem, geskied by 'n gewone meerderheid van stemme. Die Voorsitter beskik oor 'n beslissende stem.

8.4 Stemming geskied deur die opsteek van hande tensy enige trustee voordat daar tot stemming oorgegaan word 'n stemming per stembrief eis. In beide gevalle het elke trustee, onderhewig aan 8.3, slegs een stem.

## 9. MAGTE VAN TRUSTEES

9.1 Die magte wat vir die trustees in hierdie trustdokument omskryf word, is magte waarmee die trustees ampshalwe beklee word ten einde hulle in staat te stel om met die trustfonds te handel ten behoewe van die begunstigdes en nie tot die persoonlike voordeel van die trustees nie. Die omvangrykheid van die magte wat in trustees setel, moet altyd so geïnterpreteer word dat die essensie van die trust, naamlik, die bevoordeling van die trustbegunstigdes, nie leed aangedoen word nie.

9.2 Die trustees het te alle tye al sodanige magte as wat nodig is om met die trustgoed te handel as wat hulle, volgens hulle uitsluitlike diskresie nodig ag om die trustfondse ten beste voordeel van die begunstigdes te beheer en te bestuur. Die hoofdoel van die trustees in die beheer en bestuur van die

trustbates sal wees om daardeur die sosio-ekonomiese opheffing van minder bevoorregte persone van alle gemeenskappe in Namakwaland, insluitend Alexkor se werknemers en hul afhanklikes, te onderneem welke opheffing sover prakties moontlik deur die skepping van infrastruktuur, die generering van inkomste en winste en werksverskaffing aan die tersaaklike gemeenskappe moet geskied. Sonder inperking van hierdie breë bevoegdhede van die trustees, is hulle gemagtig om:

9.2.1 'n bankrekening in die naam van die trust te open, tjeks daarop te trek en gelde daarop te deponeer, wissels en waarborge daarteen te laat uitreik en wissels ten gunste van die trust aan die bank waar die bankrekening geopen is, vir invordering te oorhandig;

9.2.2 goedere van enige aard, roerend en onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, aandele, effekte, skuldbriewe en sekuriteite, te koop, te verkoop, te ruil en te huur, op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal en om regte te sedeer;

9.2.3 gelde wat deel van die trustgoed uitmaak, te belê by finansiële instellings, groeifondse en versekeringsmaatskappye en in sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal;

9.2.4 lenings vir doeleindes van die trust aan te gaan, met of sonder rente en met of sonder sekuriteit, en op sodanige voorwaardes as waarop met die persoon of instansie wat die lening aan die trustees maak, ooreengekom word, maar in alle geval onderworpe aan skriftelike goedkeuring van ALEXKOR;

9.2.5 enige vaste eiendom wat deel van die trustgoed vorm, te verkoop, te verhuur, te verbeter, te verander en te onderhou, en, desnoods vaste verbeterings te sloop en nuwe verbeterings op te rig;

9.2.6 huurgeld in te vorder en huurkontrakte te kanselleer en die nodige stappe te doen vir die uitsetting van 'n huurder uit 'n verhuurde eiendom en dorpstigting en deeltitelontwikkeling daarop te onderneem;

9.2.7 regsgedinge in te stel of te verdedig;

9.2.8 kwitansies, ontheffings of vrywarings te gee ten aansien van enige bedrag geld of vordering wat ontvang is of waaraan voldoen is;

9.2.9 van die dienste van professionele adviseurs en van maatskappye vir die sake van die trust gebruik te maak en vir sodanige dienste uit die trustfonds te betaal;

9.2.10 enige koste in verband met die administrasie van die trust, uit die trustfonds te betaal, insluitende belasting as belasting gehef sou word;

9.2.11 skenkings of erflatings ten behoewe van die trust van enigiemand te aanvaar, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van hierdie trustakte, en, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes waarmee sodanige verdere skenking en/of erflating gepaard mag gaan;

9.2.12 maatskappye op te rig met sodanige doelstellings as wat die trustees mag bepaal, die stemreg verbonde aan aandele wat in die trustees vestig, uit te oefen, en in die algemeen alles met betrekking tot so 'n maatskappy te doen wat 'n aandeelhouer mag doen;

9.2.13 in geval van 'n maatskappy of effektetrust waarvan die statute die oordrag van aandele in naam van die trustees verbied, die aandele in hulle persoonlike name te hou as genomineerdes van en ten behoewe van die trust;

9.2.14 by die uitoefening van enige van die voormelde magte alle dokumente te teken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om betekenisvol aan 'n besondere mag uitvoering te gee;

9.2.15 om kontrakte van welke aard ookal te sluit en om in alle opsigte op te tree en handelinge te verrig soos wat 'n direksie van 'n maatskappy mag doen;

9.2.16 om 'n vise-voorsitter en sekretaris en ander ampsdraers aan te wys;

9.2.17 om 'n uitvoerende komitee of enige ander komitees uit die geledere van die trustees in te stel en aan sodanige komitee(s) bepaalde mandate te verleen om namens die Raad van Trustees op te tree.

9.2.18 om alle handelinge te verrig wat normaalweg nodig is om uitvoering aan die hoofdoel van die stigting te gee.

## 10. AANWENDING VAN KAPITAAL EN INKOMSTE

Die trust is 'n diskresionêre trust wat die toekenning en aanwending van die trustgoed en die inkomste wat daarop verdien word, betref en die trustees kan in hulle absolute diskresie die trustgoed en die inkomste tot voordeel van die begunstigdes aanwend, en meer in besonder is die trustees geregtig om:

10.1 alle koste wat die trustees in verband met die administrasie van die trust aangegaan het, te betaal;

10.2 inkomste in die trust op te hoop ten einde die trustgoed aan te vul;

10.3 trusteevergoeding en inkomstebelasting te betaal;

10.4 andersins die trustinkomste slegs aan te wend om die hoofdoelstellings van die stigting te bereik naamlik die sosio-ekonomiese opheffing van minder bevoorregte persone van alle gemeenskappe in Namakwaland.

## 11. PLIGTE VAN TRUSTEES

Afgesien van die gemeenregtelike pligte wat aan die amp van 'n trustee kleef, is trustees onderhewig aan al die pligte van 'n trustee soos in die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988, soos gewysig, uiteengesit, naamlik om

11.1 die oorspronklike trustakte of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan by die Meester van die Hooggeregshof in te dien;

11.2 slegs as trustee op te tree na ontvangs van die nodige magtigingsbrief van die Meester van die Hooggeregshof;

11.3 onmiddellik 'n trustrekening by 'n bank op naam van die trust te open en alle gelde wat die trust verkry in sodanige rekening te stort;

11.4 ouditeure aan te stel om die boeke en rekords van die trust te ouditeer;

11.5 behoorlik boek te laat hou van die sake van die trust, welke boeke en finansiële state jaarliks tot en met die einde van die finansiële jaar wat ooreen moet stem met die finansiële jaar van Alexkor geoudit moet word;

11.6 alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trust in besit te neem en in bewaring te hou;

11.7 behoorlik boek te hou of te laat hou van die sake van die trust;

11.8 alle trustgoed deurlopend afsonderlik te hou of te registreer sodat dit altyd as trustgoed geïdentifiseer kan word;

11.9 nie oor enige bates van die trust vir hulle eie voordeel of vir die voordeel van hulle boedels te beskik nie en om deurlopend met sorgsaamheid en ywer op te tree soos wat redelikerwys van iemand wat die sake van 'n ander hanteer, verwag kan word;

11.10 jaarliks binne ses maande na die afsluiting van die finansiële jaar 'n volledige jaarverslag aan'n jaarvergadering bestaande uit verteenwoordigers van ALEXKOR en die begunstigdes voor te lê. Hierdie verslag moet verslae van die ouditeure en die direkteure insluit asof onderhewig aan die bepalings en voorskrifte van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973) en moet tesame met 'n agenda en 'n kennisgewing wat die jaarvergadering byeenroep minstens 21 dae voor so 'n vergadering uitgestuur word.

## 12. PRAKTIESE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE TRUSTGOED

12.1 Die bestuur en administrasie van die trust sal vir die eerste drie jaar vanaf die ontstaan van die trust deur ALEXKOR waargeneem word teen fooie wat jaarliks vooraf ooreengekom word. Na verloop van drie jaar sal die trust geregtig wees om 'n opvolgende administrateur wat die trust se eie personeel mag wees, te benoem;

12.2 Die administrateur funksioneer, wat die sake van die trust betref, onder toesig van die trustees welke trustees geregtig is om die voorwaardes waaronder die administrateur werk, te bepaal en van tyd tot tyd aan te vul en te wysig;

12.3 Die administrateur is verplig om kwartaalliks aan die trustees verslag te doen van sy werksaamhede gerugsteun deur 'n behoorlike staat van inkomste ontvang en uitbetalings gemaak.

12.4 Ten spyte van die aanstelling van 'n administrateur berus die oorkoepelende plig vir behoorlike trustadministrasie by die trustees en die administrateur tree op as 'n kontrakteur van die trustees.

12.5 Die state van die trustadministrasie is onderhewig aan gereelde ouditering deur die ouditeure van die trust.

## 13. VERGADERINGS VAN TRUSTEES EN BESLUITE

13.1 Die trustees moet gereeld vergader om die sake van die trust te bespreek en besluite daaroor te neem. In dié verband geld die volgende reëlings:

13.1.1 Die besluite wat op vergaderings geneem word, moet behoorlik genotuleer word en oor die algemeen moet dieselfde prosedure gevolg word soos in Artikel 204 van die Maatskappywet Nr 61 van 1973, of latere wysigings daarvan, voorgeskryf.

13.1.2 Minstens eenderde van die diensdoende trustees het die reg om 'n vergadering van trustees byeen te roep.

13.1.3 Beleidsrigtings en prosedures wat op vergaderings gevolg moet word, word deur die trustees self bepaal.

13.2 'n Besluit wat op skrif gestel en deur al die trustees onderteken is, het dieselfde regskrag as 'n besluit wat op 'n vergadering van trustees geneem is.

13.3 Die trustees is verplig om minstens vier keer per jaar vergaderings te hou en meer dikwels as dit nodig is ten einde te verseker dat die trust behoorlik geadministreer word.

13.4 Die trustees kan minstens twee van hulle magtig om alle dokumente vir amptelike doeleindes wat vir die administrasie van die trust en ter uitvoering van enige transaksie wat met die trust se sake verband hou, nodig is, namens die trustees te teken en enige besluit wat deur sodanige trustees gesertifiseer is as 'n ware uittreksel uit die notule van 'n besondere besluit van al die trustees, het in alle opsigte die regskrag as 'n besluit wat deur al die trustees geteken is.

## 14. VERGOEDING VAN TRUSTEES

14.1 Trustees is geregtig op billike vergoeding vir hul dienste as trustees onderworpe aan bekragtiging deur ALEXKOR en openbaarmaking in die jaarverslag.

14.2 Trustees is geregtig op verhaling van kostes en uitgawes aangegaan ten behoewe van die trust en teen tariewe van toepassing op ALEXKOR se direkteure.

14.3 'n Trustee wat 'n prokureur, rekenmeester of ander professionele persoon is, is geregtig op sodanige vergoeding vir professionele dienste gelewer ewe asof hy nie 'n trustee van die trust is nie.

## 15. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

'n Trustee is slegs persoonlik aanspreeklik vir verliese wat die trust ly as sodanige verliese die gevolg is van die trustee se versuim om met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid op te tree wat van iemand verwag kan word wat die sake van 'n ander behartig. 'n Trustee is nie aanspreeklik vir die

troubreuk van 'n mede-trustee nie tensy daar samespanning tussen die trustees was.

## 16. JAARLIKSE BYDRAE TOT TRUST DEUR ALEXKOR

ALEXKOR verbind hom hiermee om jaarliks 'n bedrag gelykstaande aan 30% (dertig persent) van na-belaste winste aan die trust oor te betaal en wel op die volgende voorwaardes:

16.1 Na-belaste winste sal bereken word op alle winste ná aftrekking van alle uitgawes, tersaaklike afskrywings en voorsienings en belastings betaalbaar aan enige plaaslike-, streeks- of owerheidinstelling en sal deur ALEXKOR se onafhanklike ouditeur as korrek bereken sertifiseer word;

16.2 Oorbetaling aan die trust sal plaasvind binne 30 dae nadat die finansiële jaarstate deur die ouditeure van ALEXKOR as korrek verklaar is.

## 17. OPBOU VAN 'N RESERWEFONDS

Die trustees verbind hulle hiermee om toe te sien daartoe dat 25% *vyf-en-twintig persent) van die jaarlikse bydraes deur ALEXKOR in 'n reserwefonds te stort waarvan die opbrengste aangewend moet word om die doelstellings van die Stigting te verwesenlik in daardie jare wat ALEXKOR nie in staat mag wees om 'n bydrae te maak nie. Die beleggings van die reserwefonds sal beperk wees tot prima beleggingsinstrumente om beleggingsrisiko's te vermy.

## 18. WYSIGING VAN TRUSTAKTE

Hierdie trustakte kan deur 'n besluit van driekwart van die trustees gewysig word. Die mag om te wysig het slegs betrekking op die administratiewe elemente van die trust en kan nie aangewend word om enige ander element van die trustakte sonder die toestemming van ALEXKOR te wysig nie.

## 19. BEëINDIGING VAN TRUST

Hierdie trust sal onbepaald voortduur en kan slegs beëindig word deur 'n driekwart meerderheidsbesluit van die trustees in welke geval die bates van die trust sal terugval na ALEXKOR. Deur sodanige handeling sal die verpligtinge van ALEXKOR soos omskryf in Klousule 16 in sy geheel verval en nie oordraagbaar wees aan enige ander trust of instansie nie.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Pretoria in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 29 ste dag van November 1993.

**AS GETUIES**

1. ______________________

PHILIPPUS ARNOLDUS OLIVIER
EX OFFICIO
PRACTISING ATTORNEY RSA
Posbus / P.O. Box 9093, Pretoria 0001

2. ______________________

______________________
ALEXKOR BEPERK
(OPRIGTER)

## AANVAARDING DEUR TRUSTEES

Ons, die ondergetekendes,

| NAME | PROFESSIES |
|---|---|
| HENRY JAMES SAMUEL STONE | Geoktrooieerde Rekenmeester |
| GERALD JAMES MEIRING | Sakeman |
| JOHANNES PETRUS VERMEULEN | Hoofuitvoerende Beampte |
| LEENDERT WILLEM DEKKER | Sakeman |

verklaar hiermee soos volg:

1. Ons aanvaar die aanstelling as trustees van die TRUST en erken hiermee dat ons die bedrag van R6 577 000 (SES MILJOEN VYFHONDERD SEWE-EN-SEWENTIG DUISEND RAND) wat in trust onder ons beheer geplaas is, ontvang het.

2. Ons dra kennis van die pligte wat van regsweë op 'n trustee by die administrasie van 'n trust rus en ons onderneem om deurgaans die pligte na te kom.

en hulle mening of die trustees van sekerheidstelling vrygestel moet word, is nie ter sake nie.

4. Ons onderneem om:

4.1 onmiddellik 'n bankrekening vir die trust te open en alle gelde wat deel van die trustfonds vorm, op die trustrekening te deponeer. Die bankrekening word by Volkskas Bank, Springbok, geopen;

4.2 die boeke van die trust jaarliks te laat oudit en jaarliks geouditeerde balansstate van die sake van die trust te laat opstel. Die ouditeure van die Stigting is Coopers en Lybrand, Pretoria, welke aanstelling by die eerste vergadering van die Raad van Trustees bekragtig of beëindig sal word soos die Trustees mag besluit;

4.3 die Meester van die Hooggeregshof in alle trustsake te ken en hom van enige verlangde inligting in verband met die trust se sake te voorsien vir sover sodanige inligting deur die Meester vereis mag word;

4.4 die voormelde ouditeure van die trust te versoek om aan die Meester van die Hooggeregshof sodanige ondernemings te gee as wat nodig is;

4.5 deurgaans aan die bepalings van Wet 57 te voldoen.

19

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te Springbok in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 25 dag van November 19 93

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

AS TRUSTEE

1. ______________________

2. ______________________

AS TRUSTEE

1. ______________________

2. ______________________

AS TRUSTEE

1. ______________________

PHILIPPUS ARNOLDUS OLIVIER
KOMMISSARIS VAN EDE [illegible] EX OFFICIO
PRAKTISERENDE PROKUREUR RSA
PRACTISING ATTORNEY RSA
Posbus / P.O. Box [illegible], Pretoria 0001

2. ______________________

AS TRUSTEE

# WYSIGENDE AKTE

MEMORANDUM VAN 'N OOREENKOMS GEMAAK EN AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

ALEXKOR BEPERK

- hierin verteenwoordig deur LEENDERT WILLEM DEKKER, Voorsitter van die Raad van Direkteure, hy synde behoorlik daartoe gemagtig

(hierna die OPRIGTER genoem)

en

HARRY BOWERS

en

CHARLES EDWARD CLOETE

en

GERRITH CLOETE

en

JACOBUS CLOETE

en

RUBEN DUNCAN CLOETE

en

LEENDERT WILLEM DEKKER

en

JOHN THOMAS DIERGAARDT

en

JOHN THOMAS FRANKS

en

FRANCES JOHANNA GREEN

en

PETRUS JOSUA JOSEPH

en

JOHN HUNTER KENNEDY

en

THEUNIS VAN WYK KOTZÉ

en

JOHANNES LINKS

en

GERALD JAMES MEIRING

en

EBENEZER NTLAI

en

HENRY JAMES SAMUEL STONE

en

MOSES TSELA
en
CORNELIS ALBERTUS VAN DER WESTHUIZEN
en
JOHANNES PETRUS VERMEULEN

TEN AANSIEN VAN:

ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING - TRUST
NR 3171/93

(hierna die TRUST genoem)

AANGESIEN ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING TRUST as 'n inter vivos trust op 25 November 1993 opgerig is en by die Meester van die Hooggeregshof, Pretoria, onder trustnommer 3171/93 geregistreer is:

EN AANGESIEN die Oprigter en die Trustees ooreengekom het om die trustakte van die trust te wysig sonder om enigsins die doeleindes waarvoor die trust opgerig is, aan te tas nie:

NOU DERHALWE WORD OOREENGEKOM OM DIE TRUSTAKTE VAN DIE TRUST AS VOLG TE WYSIG:

1. Klousule 16.1 van die trustakte word geskraap en met die volgende nuwe bewoording vervang:

"16.1 Na-belaste winste sal bereken word op alle winste ná aftrekking van alle uitgawes, tersaaklike afskrywings en voorsienings en belastings betaalbaar aan enige plaaslike-, streeks- of owerheidinstelling uitgeslote Sekondêre Belasting op Maatskappye en sal deur ALEXKOR se onafhanklike ouditeur as korrek bereken sertifiseer word;"

ALDUS GETEKEN te Alexanderbaai op die 20ste dag van Februarie 1996.

AS GETUIES

1. ____________________

2. ____________________

____________________
OPRIGTER - L W Dekker
Namens ALEXKOR BEPERK

____________________
TRUSTEE - H Bowers

TRUSTEE - C E Cloete

TRUSTEE - G Cloete

TRUSTEE - J Cloete

TRUSTEE - R D Cloete

TRUSTEE - L W Dekker

TRUSTEE - J T Diergaardt

TRUSTEE - J T Franks

TRUSTEE - F J Green

TRUSTEE - P J Joseph

TRUSTEE - J H Kennedy

TRUSTEE - T V W Kotze

TRUSTEE - J Links

TRUSTEE - G J Meiring

TRUSTEE - E Ntlai

TRUSTEE - H J S Stone

TRUSTEE - M Tsela

TRUSTEE - C A van der Westhuizen

TRUSTEE - J P Vermeulen

TEN AANSIEN VAN :

ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING - TRUST NR 3171/93

(hierna die TRUST genoem)

---

AANGESIEN ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING TRUST as 'n inter vivos trust op 25 November 1993 opgerig is en by die Meester van die Hooggeregshof, Pretoria, onder trustnommer 3171/93 geregistreer is;

EN AANGESIEN die Oprigter en die Trustees ooreengekom het om die trustakte van die trust te wysig sonder om enigsins die doeleindes waarvoor die trust opgerig is, aan te tas nie;

NOU DERHALWE WORD OOREENGEKOM OM DIE TRUSTAKTE VAN DIE TRUST AS VOLG TE WYSIG :

1.

Klousules 5.2.1 en 5.2.2 van die trustakte word geskrap en met die volgende nuwe bewoording vervang:

" 5.2.1 Daar is te alle tye 'n minimum van 15 (VYFTIEN) en 'n maksimum van 21 (EEN EN TWINTIG) trustees in die amp.

5.2.2 Die samestelling van die Raad van Trustees is deurgaans as volg :

5.2.2.1 Die Voorsitter en Vyf (5) trustees word deur die Oprigter aangestel.

5.2.2.2 Die oorblywende trustees wat in dié hoedanigheid optree, word deur die begunstigdes benoem. "

2.

Die bestaande klousule 5.2.5 word geskrap en vervang met die volgende bewoording :

" 5.2.5 Sodra 'n dienende trustee die ouderdom van 69 (NEGE EN SESTIG) jaar bereik, tree hy uit as 'n trustee van die trust."

3.

Klousule 8.2 van die trustakte word as volg gewysig :

" 8.2 Twaalf (12) trustees vorm 'n kworum op alle vergaderings van die trustees waarvan minstens veertien (14) dae skriftelik kennis gegee is."

4.

Die verwysing na "direkteure" in klousule 11.10 word geskrap en met "trustees" vervang.

5.

Klousule 18 van die trustakte word geskrap en met die volgende nuwe bewoording vervang:

" 18. Hierdie trustakte kan gewysig word, met die goedkeuring van Alexkor, deur 'n meerderheidsbesluit van 'n kworum van die Trustees teenwoordig op 'n vergadering wat spesiaal belê is om die voorgenome wysiging(s) goed te keur. Op sodanige vergadering magtig die trustees wat teenwoordig is, twee van hulle om die wysigende akte te teken wat by die Meester van die Hooggeregshof ingedien moet word. "

ALDUS GETEKEN te ...SPRINGBOK... op die ..21.. dag van ..FEBRUARIE.. 1995.

AS GETUIES :

1. ...MRNiekerk...

2. ...[signature]...

...[signature]...
OPRIGTER : L W DEKKER
Namens ALEXKOR BEPERK

...[signature]...
TRUSTEE - H J S Stone

...[signature]...
TRUSTEE - G J Meiring

...[signature]...
TRUSTEE - J P Vermeulen

...[signature]...
TRUSTEE - L W Dekker

...[signature]...
TRUSTEE - J H Kennedy

...[signature]...
TRUSTEE - T v W Kotzé

# WYSIGENDE AKTE

MEMORANDUM VAN 'N OOREENKOMS GEMAAK EN AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

## ALEXKOR BEPERK

hierin verteenwoordig deur.........................................................,
Voorsitter van die Raad van Direkteure, hy synde daartoe gemagtig

(hierna die OPRIGTER genoem)

en

HARRY BOWERS

en

JACOBUS CLOETE

en

RUBEN DUNCEN CLOETE

en

EBENEZER NTLAI

en

DESIREE DE WET

en

LENIE EMELIA CLOETE

en

JOSHUA CHARLES LOSPER

en

ROELINE JOSEPH

en

GERT MAARMAN

en

BEVERLEY VRIES

TEN AANSIEN VAN:

**ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING TRUST**
**NR.3171/93**

(hierna TRUST genoem)

AANGESIEN ALEXKOR ONTWIKKELINGSTIGTING TRUST as 'n inter vivos trust op 25 November 1993 opgerig is en by die Meester van die Hooggeregshof, Pretoria, onder die trustnommer 3171/93 geregistreer is:

EN AANGESIEN die Oprigter en die Trustees ooreengekom het om die trustakte van die trust te wysig sonder om enigsins die doeleindes waarvoor die trust opgerig is aan te tas nie:

NOU DERHALWE WORD OOREENGEKOM OM DIE TRUSTAKTE VAN DIE TRUST AS VOLG TE WYSIG:

1. Twee (2) trustees insluitende die voorsitter word deur die oprigter aangewys.

2. Die inhoud van klousule 5.4.5 word in geheel vervang deur die volgende bewoording:

   "as hy/sy deur 'n besluit van twee derdes (2/3) van die trustees gevra word om te bedank".

3. Die inhoud van klousule 8.2 word as volg gewysig:

   "een meer as die helfte van alle trustees vorm 'n kworum op alle vergaderings van die trustees waarvan minstens veertien (14) dae skriftelik kennis gegee is".

ALDUS GETEKEN te ............................................ op die ................. dag van .......................... 2000.

**AS GETUIES:**

1. ______________________ ______________________
OPRIGTER

2. ______________________ ______________________
TRUSTEE

______________________
TRUSTEE

______________________
TRUSTEE

______________________
TRUSTEE

TRUSTEE

TRUSTEE

TRUSTEE

TRUSTEE

TRUSTEE

TRUSTEE